

## Fokusgedeelte: 2 Konings 19:19, 29, 31, 34

### Hoop op God, in Hom weer rustig!

**E**en van die hoogtepunte in die geskiedenis van Juda is die regering van koning Hiskia. Alhoewel hy die seun van die goddelose Agas was, het Hiskia gedoen wat reg was in die oë van die HERE. Hiskia het in baie moeilike politieke omstandighede geleef: die Tienstammeryk is deur Assirië verower en in ballingskap weggevoer; Assirië het daardie gebied met afgodsdienaars bevolk; Assirië probeer nou ook die koninkryk van Juda verower deur Jerusalem te beleër (omsingel).

Tydens hierdie omsingeling beledig en laster die Assiriërs die HERE: (1) Hiskia het 'n onvermoë om die volk te red omdat hy op die leë beloftes van God staatmaak (18:30-32; 19:10); (2) Daar is geen gode (en ook nie die HERE nie) wat kan staande bly teen die sogenaamde “oppermag” van Assirië nie (18:33-35; 19:11-13)! (3) Assirië meen dat hy net so magtig soos God is wat riviere kan laat opdam sodat die volk droogvoets daar deur kan trek (19:24)! Uiteindelik kom dit daarop neer dat Juda gespot word: “Waar is julle God?” (vgl. Ps. 42).

Toe Hiskia al hierdie lasteringe hoor, gaan hy ootmoedig op na die huis van die HERE. Het Jesus ons nie ook geleer dat jy in die binnekamer jou voor die Here moet verootmoedig nie (Matt. 6:6-13)?

Hiskia grond sy gebed daarop dat God se Naam geheilig en geëer moet word en dat sý koninkryk moet kom. “U alleen is die God van al die koninkryke van die aarde, Ú het die hemel en die aarde gemaak!” (19:15). Die gode van die nasies is maar net hout en klip (19:17, 18)! “Verlos ons dan nou tog uit sy hand, HERE onse God, dat al die koninkryke van die aarde kan weet dat U, HERE, alleen God is” (19:19)! (vgl. Sondag 45-52).

Die HERE antwoord: Ek het jou gebed gehoor! (vs 20). Assirië hét teen die Heilige gelaster (vs 22). Hy sal Assirië verslaan en daar sal 'n oorblyfsel van God se volk weer in die besette gebiede gaan woon en Hy sal hulle beskut.

Hoekom doen God dit? Verse 31 en 34: Dis die ywer (liefde) van die HERE van die leërskaer en sy getrouheid aan sy belofte aan Dawid dat daar 'n ewige Koning (Jesus Christus) uit sy nageslag gaan kom.

Beleef jy ook 'n moeilike tyd? Spotters wat sê: Waar is jou God? Gaan gelowig en ootmoedigend na die HERE van die leërskaer – Hy hoor en sál rus gee!

*Sing: Psalm 42-1:1, 2, 7*

*Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)*